IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-01-27

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 334

(Bladsye 19 019 - 19 082)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 27 JANUARIE 1988.

MATARAPANE PETRUS RADEBE, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U getuienis gister was u het aan die hof gesê dat u het van buite waar u was teruggekeer na die huis toe. Dit was nou die oggend van 3 September 1984? -- Ja, dit is die waarheid.

Was u daar buite waar u was om te kyk wat aangaan by die bushalte by Masenkeng se bushalte? -- Ja, ek het daar buite gestaan en kyk na die busse. Ek het opgelet dat die busse wel daar opereer.

En u het nie uit u kombuis uit gekyk na die bushalte om te sien of die busse opereer nie? -- Ek is uit die kombuisdeur uit na buite.

Hoekom het jy nou spesifiek gaan kyk daardie betrokke oggend daar buitekant na Masenkeng se bushalte of wat daar gebeur? -- Dit is omdat ek werk toe wou gegaan het, maar ek het gevoel ek is lui om werk toe te gaan.

Gaan kyk jy elke môre of die busse opereer voor jy werk toe gaan? -- Gewoonweg in die loop van die dag vantevore as ek uit die huis gaan is daar busse alreeds daar wat ŉ mens mee kan ry werk toe, maar hierdie dag het ek gevoel dat ek nie lekker voel om werk toe te gaan nie, ek was lui om werk toe te gaan. Toe ek uitgegaan het, het ek net uitgegaan om net te sien wat daar buite gebeur.

So, die rede hoekom jy nie hierdie dag werk toe gegaan het nie, is omdat jy nie lekker gevoel het nie en jy lui was? -- Dit was as gevolg van die inligting wat ek bekom het dat daar ŉ optog gaan wees die dag na Houtkop toe om te gaan kla oor die verhoging van huur en dus het ek toe lui geword en gesê ek is maar ŉ gedeelte van die mense wat kla

oor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

oor hierdie huurgelde wat verhoog word.

Maar het jy nie al voor dit besluit gehad jy gaan die dag nie werk toe nie, maar u gaan deelneem aan die optog? -- Ek het die oggend daar besluit dat ek ook deel gaan neem aan hierdie optog. Dit is na aanleiding daarvan dat ek so besluit het, dat ek toe lui gevoel het om werk toe te gaan.

Hoekom het jy dan die besondere oggend ook heelwat later geslaap dan as jy nog nie besluit gehad het jy gaan aan die optog deelneem nie? -- Dit was omdat ek laat wakker geword het, het ek besef dat dit al te laat was vir my om werk toe te gaan en dus toe gesê ek kan liewers die optog volg.

Is dit wat jy toe besluit het toe jy wakker geword het? -- Na aanleiding daarvan dat ek laat wakker geword het, is ek die huis uit na buite toe. Daar het ek gesien dat die busse opereer. Na ek dit gesien het, het ek toe gesê nee, ek is nou laat, en alhoewel daar busse is wat opereer, besluit ek nou ek voel lui om werk toe te gaan. Dus besluit ek om aan die optog deel te neem.

Is die rede nie dat jy gaan kyk het wat gaan aan daar by die busstop omdat jy daar iets gehoor het dat mense lawaai nie? -- Nee, daar was nie 'n geraas gewees nie.

Het jy nie skote gehoor in die rigting van BP se garage daardie oggend nie? -- Nee, dit is ver van my af. Ek sou dit nie gehoor het nie.

Jy sê jy is toe terug in jou huis in. Het jy enige mense daar buitekant ontmoet daar waar jy gekyk het na die busse? -- Mense wat ek gesien het was dié wat in die strate geloop het in die rigting van die busstop.

Jy het vir die hof vertel jy het drie kinders? -- Dit

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is die waarheid.

Op daardie stadium op 3 September 1984 was hulle skoolgaande kinders? -- Ja.

Het hulle daardie oggend van 3 September 1984 skool toe gegaan? -- Ja, hulle was skool toe.

Waar gaan hulle skool? -- Gebied 14.

HOF : Maar dit is taamlik ver van u af, is dit nie? -- Ja, dit is ver, hulle gebruik mos die busse as vervoer.

Maar waarom gaan hulle nie langsaan u skool nie? Daar is mos 'n skool langs u? -- Toe ek getrek het na hierdie adres toe, was die kinders alreeds op skool gewees in gebied 14 waarvandaan ek getrek het. Met die gevolg, terwyl ek hier bly het hulle nog skool daar geloop.

MNR. JACOBS : By hierdie besondere skool wat daar naby jou huis, was daar kinders daardie oggend wat skool toe gegaan het?

HOF : Dit is seker Sokwazi Skool?

MNR. JACOBS : Sokwazi Skool? -- Ja, daar was kinders gewees.

Het hulle skool gegaan? -- Ek het nie opgelet nie, al wat ek gesien het was dat daar kinders was.

Het jou kinders daardie dag skool toe gegaan? -- Hulle het skool toe gegaan.

En skool gegaan ook? -- Ja, hulle het.

HOF : Dit beteken hulle het les gehad, klas gehad? -- Hulle was skool toe. Die klasse was gehou wat later toe uit was.

MNR. JACOBS : Toe jy van jou huis af uitgegaan het, het jy direk daarvandaan af na die Roomse Kerk toe gegaan?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ekskuus, is u klaar met die kinders?

MNR. JACOBS : Ja.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Hoe groot is die kinders? --

Destyds/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Destyds was een van hulle 7 jaar oud. Hy het net begin op skool. Die ander een was agt jaar oud, een nege jaar en daar was een wat dertien jaar oud was. Dit is nie vier kinders nie. Die posisie is, die jongste was sewe jaar oud wat begin het op skool daardie jaar, die volgende een was nege jaar oud en die oudste was dertien jaar. Dit is gedurende daardie tydperk.

HOF : Wat was die naam van daardie laerskool? -- Motlolo.

MNR. JACOBS : Wanneer het jy getrek van gebied 14 na gebied 8 toe? -- Gedurende die jaar 1983.

As jou jongste kind in 1984 eers skool toe gegaan het, hoekom was hy dan nie in daardie skool wat langs julle huis is nie? -- Ek het die kind daar skool laat loop, want die moeder werk ook in daardie nabyheid. Sy gaan saam met die kind die oggend en dan die middae wat sy terugkom, kom sy met die kind terug, want destyds was daar niemand gewees by my huis in die loop van die dag vir as die kind nou vroeër terugkom nie.

HOF : Ek wil u net ŉ paar vrae nog vra. Hoe laat gaan u kinders skool toe in die oggend? -- Om 07h00.

Dan haal hulle ŉ bus waar? -- Ek verstaan nou nie mooi nie. Praat ons nou van my huis?

As u kinders skool toe gaan in die oggend, ry hulle met die bus of gaan hulle op ŉ ander manier? -- Hulle ry per bus.

Nou hoekom sukkel ons so? Waar haal hulle die bus? -- Masenkeng busstop. Haal hulle die gewone bus van Vaal

Haal hulle die gewone bus van Vaal Transport Corporation? -- Ja, ek koop vir hulle nog die reiskaartjies wat hulle gebruik.

Het hulle daardie oggend van 3 September soos normaal



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bushalte toe gegaan en die bus daar gehaal? -- Ja, op die normale manier.

Weet u wanneer hulle tuis gekom het? -- Ek weet nie, maar met my aankoms by my huis was die kinders al tuis.

En het hulle vir u vertel dat hulle die hele dag normaal skool gehad het? -- Nee, die kinders sê dat hulle wel op skool was en daar was klasse gehou. Op 'n stadium het die prinsipale van die skole besluit dat hulle nou uitgaan. Dit wil sê die skool sluit vir die dag-

Het u vir hulle gevra hoe hulle teruggekom het? -- Ja, ek het. Die verslag wat die kinders aan my gedoen het was die volgende dat na hulle huis toe gestuur was deur die prinsipale van die skole, het hulle eers na die huis toe gegaan waar hulle altyd aandoen na skool voor hulle terugkeer na my huis toe waar ek saam met hulle bly. Die kinders, volgens hulle het hulle daar vertoef tot dit laat was. Een persoon. 'n inwoner van daardie huis, het die kinders toe teruggebring na my huis toe. Hoe hy dit gedoen het. wat se vervoer die persoon gebruik het, kan ek nie meer onthou nie. Ek kan nie sêwat daardie persoon gebruik het nie.

Is dit reg is jou vrou ook saam met die kinders die oggend van die huis af weg toe hulle skool toe gegaan het om die jongste een te begelei na die skool? -- Dit is die waarheid.

Het jy alleen agtergebly by die huis? -- Ja.

Toe jy die huis verlaat het om na die kerk toe te gaan, het jy direk van jou huis af na die kerk toe gegaan? -- Ek het direk gegaan sonder om nog draaie te vat.

Het jy saam met enigiemand geloop of het jy alleen geloop? -- Ek het alleen geloop vanaf my huis.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy met enigiemand op die pad gepraat? -- Nee, ek het met niemand gepraat nie. Daar was wel mense gewees wat saam met ander mense daar gestap het in die geselskap van ander mense. Dus met niemand gepraat nie.

Jy het ook nie gehoor wat hierdie mense gesels wat daar gestap het wat jy wel gesien het nie? -- Nee.

Jy sien, jy het die vir hof in jou getuienis-in-hoof gesê dat jy het voor die tyd gehoor dat die mense moet bymekaar kom by die Rooms Katolieke kerk en dat jy net nie gehoor het op watter datum nie en toe het jy dit verder gekwalifiseer en jy het uiteindelik gehoor die Maandag toe mense op pad was na die kerk toe, dat wanneer moes hulle daar bymekaar kom. Kan jy onthou dat jy dit gesê het? -- Wat ek sê is dit was terwyl ek 'n passasier in 'n bus was dat ek gehoor het dat mense na die Roomse Kerk toe sal gaan om daar te gaan vergader. Ek het net nie geweet wanneer dit sou plaasvind nie.

Jy het eers gehoor Maandag, 3 September 1984 dat die mense op pad na die kerk toe gesê het dat dit daardie dag sal wees? -- Ek het mense gesien daar verbygaan. Ek het ook toe soontoe gegaan.

Het jy dit die Maandag gestel, ja of nee? Kom ons stel dit baie kort. -- Ek het vroeër hier vir die hof gesê dat mense het met mekaar gesels in 'n bus waarin ek 'n passasier was dat daar een van die dae 'n wegbly-aksie gaan wees, mense sal kerk toe gaan. 'n Spesifieke datum en tyd was nie genoem nie. Op hierdie Maandagoggend het ek opgemerk dat mense daar verbygaan in die rigting van die Roomse Kerk, as gevolg waarvan ek ook toe besluit het om die mense te volg en toe aanvaar het dat dit die dag is en die tyd die tyd was.

Hoe kon jy toe al die oggend wat jy wakker geword het

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en besluit het vandag voel jy nie ŉ bietjie lekker nie, jy is ŉ bietjie lui, dat jy daan daardie dag na die kerk toe? -- Hier hoor ek mense praat van wat sal gebeur in die toekoms en die mense sê nie met sekerheid wanneer dit sal plaasvind nie. Hulle noem net ŉ plek en ek besluit toe ek weet nou nie wat hier gaan gebeur nie. Ek sal hoor wat die mense sê. Tot tyd en wyl ek nou seker was, dit wil sê na ek gesien het dat dit wel plaasvind, het ek toe besluit om by die mense wat na die geval toe gaan aan te sluit.

Hoe het jy geweet dat daardie mense wat by jou huis verbygeloop het, gaan na die kerk toe? -- Dit is omrede die mense nie daar verby gegaan het op die normale manier van een enkellopende persone nie. Hulle is daar verby in klompies.

HOF : Is dit nou in die rigting van die kerk? -- Ja.

MNR. JACOBS : Waar het die klompies mense geloop in die rigting van die kerk? In watter straat was dit? -- Van die mense het met die teerstraat af gekom in die rigting van die Roomse Kerk en van die mense het vanaf die rigting van gebied 8 gestap in die rigting van die kerk.

Kon jy die mense sien stap? Is dit in Vilakazistraat wat jy hulle gesien stap het?

HOF : Ek dink nie die getuie weet watter is Vilakazistraat nie.

MNR. JACOBS : Dit is die strate tussen gebiede 7 en 8 daar waar die buste ook loop en waar die bushalte in is? -- Ja, hulle het van daardie rigting af gekom op pad na die Roomse Kerk toe.

Toe jy hulle gesien het, was hulle daar in die omgewing van die bushalte? -- Dit is terwyl hulle met die teerpad

afgestap/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

afgestap het wat ek bewus geword het van die persone.

Is daar nie ander huise tussen jou en die straat - tussen jou huis en daardie straat en dat jy die bushalte net van 'n sekere deel op jou perseel kon sien? -- Die busse as hulle daar by die busstop optrek, dan kom hulle van die rigting van Small Farms. Ek kan die busse sien as hulle vanaf Small se rigting kom.

Antwoord nou maar net my vraag. Is dit nie so dat daar tussen jou huis en waar jy was op jou perseel en daardie straat Vilakazistraat tussen gebiede 7 en 8 waar die busse stop, dat daar huise is wat jou uitsig belemmer nie en jy kan net busgedeeltes sien, die straatgedeelte sien waar mense loop in die omgewing van die busstop? -- As mense daar verbygaan of selfs die busse wat daar verby ry kan ek sien.

Is daar huise tussen julle? Tussen jou huis en die straat waar die busse in loop? -- Bedoel u die huise net naby my huise?

Vanwaar jy staan by jou huis tot by die busstop daardie straat wat daar loop, is daar ander strate tussen julle in -- Ja, daar is.

En belemmer die uitsig na daardie straat toe? -- Tussen die huise, dit wil sê die openings tussen die huise, daar deur kan ek sien.

Toe jy by die optog daar gekom het waar jy gesê het die optog het aangekom. was daar enige leiers wat voor daardie optog geloop het behalwe die plakkaatdraers? -- Dit was die plakkate heel voor.

Was daar nie drie leiers wat voor die plakkaatdraers geloop het nie? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

Het jy enige baniere opgelet by hierdie optog behalwe

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

plakkate? -- Ek verstaan nie mooi wat daarby bedoel was wat ħ banier is nie.

Weet jy nie wat ħ banier is nie?

HOF : Dit is natuurlik ħ vraag wat u eintlik nie behoort te stel nie, want heel aan die begin van hierdie saak het ons ook gesukkel om te onderskei tussen ħ plakkaat en ħ banier.

MR BIZOS : I must say that I do not remember that any state witness or anyone else saying that there was a banner.

COURT : I also have a bit of difficulty with that, but I am not very clear on it.

MNR. JACOBS : Dit is maar net ħ vraag wat ek aan hom gevra het is daar baniere.

HOF : Maar is dit u saak dat daar ħ banier is?

MNR. JACOBS : Ek het op die oomblik nie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U kan hom ook vra het daar ħ maanmannetjie by die optog aangesluit, maar wat help dit ons.

MNR. JACOBS : Kan jy vir die hof sê, stem jy saam dat hierdie lengte van hierdie optog van die agterpunt waar jy ingeval het tot by die voorpunt is omtrent 500 meter. Is dit reg? -- Ek sal nie weet van die meters nie, maar dit was ħ lang ent wat die voorpunt weg was van jou af? -- Kyk, ek verstaan nie wat wil u hê moet ek sê dat dit ħ lang ent was nie. Ek sê die mense het in rye gestaan in ħ optog. Ek het toe aangesluit by hulle.

My vraag is van die agterkant van die optog waar jy geloop het in die optog tot by die voorpunt is ħ lang distansie tussenin? -- Ek weet nie of ħ mens dit nou so kan beskryf nie, maar ek het nie ħ beskrywing vir daardie distansie nie. Ek sal nie vir u kan sê wat die distansie

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was nie.

En ek wil dit aan jou stel in daardie distansie waar jy weg was, kon jy nie alles gesien het wat gebeur het na vorentoe in daardie optog nie?

Bedoel u met my aankoms by die Roomse Kerk kon ek nie sien wat aangaan voor nie?

Terwyl jy in die optog geloop het? -- Dat ek nie kon sien wat gebeur voor nie?

HOF : Dit is wat beweer word. Stem u daarmee saam? -- Sê u dit om dat ek gesê het net voor ek by die BP Garage gekom het, het ek ŉ sekere distansie gesien by die aansluiting van punte. Ek weet nie waarvan praat u nou nie.

Luister nou mooi, u moet net die vrae antwoord en nie vra of wonder hoekom die advokaat ŉ ding sê nie. Hy het maar sy eie planne. Nou is die stelling wat gemaak is, u kon nie alles sien wat voor gebeur nie, want dit was ŉ lang optog. Stem u daarmee saam of sê u nee, die ding is verkeerd? -- Ja, maar my oë kon ŉ bietjie gesien het van wat gebeur het daar voor.

MNR. JACOBS : Stem u saam dat u sou ook nie kon sien dat mense wel geforseer word om aan die mars deel te neem nie? -- Nee, hulle was nie geforseer nie.

En ek wil dit aan u stel ook dat u kon ook nie sien hoeveel mense daar was wat enige T-hemde aangehad het spesifiek COSAS en UDF T-hemde nie? -- As ek hulle sou sien, beteken dit dat ek hulle sou gesien het by die gedeelte van die optog wat in die onmiddellike nabyheid van my was.

Maar u kan nie sê vorentoe wat nie in die onmiddellike nabyheid is, wat dra die mense nie? -- Nee.

En u sal ook nie kan sê wat is die ouderdomme van die mense wat ook vorentoe in die mars mense/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mense wat ook vorentoe in die mars was nie? -- Mense wat ek van weet is wat naby my was, wat ek in staat sal kan wees om te kan beskryf van watter ouderdomme die persone was.

Ons het getuienis in hierdie hof gehad van ŉ sekere mnr. Nyembe. Ken u mnr. Nyembe? -- Nee.

Hy het getuienis gelewer vir die verdediging hierso en sy getuienis was dat ander kant die busstop, dit is net ander kant die BP Garage, dit is Fowler se busstop, waar mense daar aangesluit het, het hulle uit gebied 11 gekom. Wat sê u daaromtrent van daardie mense wat daar aangesluit het dat hulle uit gebied 11 uit kom?

HOF : Was dit nie ŉ mev. Nyembe wat gepraat het nie?

MNR. JACOBS : Ek het die naam hier bo Nyembe. Dit mag ŉ vrou wees.

HOF : U vra of hy ŉ meneer Nyembe ken.

MNR. JACOBS : Ek sal net seker maak. Ja, dit is. Dit is eintlik mev. Nyembe. Ken jy haar? -- Nee ek ken haar nie.

Wat sê jy van hierdie getuienis wat sy gelewer het vir die verdediging? Stem jy saam daarmee? -- Dit is volgens haar waarnemings. Ek het dit nie so gesien nie. Dus is dit haar getuienis.

Kan jy vir hierdie hof sê waar het hierdie mense vandaan gekom wat daar aangesluit het? -- Toe ek die eerste keer opgekyk het, het ek gevind dat die mense op die teerpad is anderkant Fowler waar hulle ons optog teëgekom het.

Was die mense nog tussen Fowler busstop en die interseksie self? -- Dit was in die omgewing van hierdie punt soos deur my beskrywe. Dit is toe ek opgemerk het dat die optog van ons die spoed verminder, het ek opgekyk en gevind dat hulle daar in daardie omgewing was.

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja, maar die punt wat deur jou beskryf is, laat ons dit nou net duidelik kry. Is dit reg dat jy gesê het toe jy opgekyk het, op daardie stadium was die voorpunt van hulle opmars in die omgewing van bushalte, Fowler bushalte? Is dit reg? - - My getuienis was dat volgens my waarneming het die mense daar ontmoet net ander kant Fowler busstop maar nie duskant aan die kant vanwaar ek gekom het nie. Ek het nie ŉ spesifieke punt wat ek kan sê dit is waar hulle ontmoet het nie, maar daar rond anderkant.

Maar my vraag aan jou was gewees is dit reg dat hulle ontmoeting was tussen die interseksie self en Fowler se bus-halwe?

<u>HOF</u> : Weet die getuie nog wat u bedoel met ŉ interseksie?

<u>MNR. JACOBS</u> : Daar waar die pad effens na regs kurwe en ŉ ander pad van die stadion af aansluit by hierdie pad waarin julle geloop het? -- Ja, ek sê so. In daardie omgewing is waar die mense ontmoet het.

Dit is nie op die interseksie self nie? -- Nee, ek het nie so goed gekyk om dit te kan sê nie. Al wat sê is, dit was in daardie omgewing.

En is dit ook reg as ek jou getuienis nou reg verstaan dan weet jy glad nie waar het daardie mense vandaan gekom nie? -- Volgens wat ek gesien het, sal ek sê dat hulle van die rigting van die pos af gekom het om by hierdie te kom waar hulle nou ontmoet het.

Dit is nou baie interessant. Hoekom sê jy dit vir die hof? Jy sien voor in die pad tussen die bushalte, Fowler se bushalte en die interseksie ŉ groep mense in die pad, volgens ek jou getuienis verstaan. Op watter basis sê jy hulle kom van die poskantoor se rigting af? -- Ek sê dit omdat die

meeste/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

meeste van die mense met ons optog daar in die omgewing ontmoet het, maar dit was duidelik gewees dat die mense van daardie rigting af gekom het van die pos. Dit is hoekom ek sê dat hierdie mense wat ek hier gesien het, het van die rigting van die pos af gekom.

Is dit wat u raai of is dit wat iemand anders vir u gesê het? -- Niemand het vir my gesê nie.

Op watter grond sê jy - kan jy vir die hof enige rede gee waarom jy dit sê behalwe jy sien ʼn klomp mense daar, hulle kon van enige kant af gekom het daar? -- As gevolg van die distansie wat ons geloop het met die optog om by daardie punt uit te kom het ek daaraan gedink dat hulle ook miskien vanaf ʼn ander rigting gekom het met ʼn optog wat gereël was om hierdie optog van ons daar by daardie omgewing te ontmoet.

Maar jy kan geen rede gee vir jou stelling wat jy nou maak nie? -- Volgens my siening, toe ek opkyk sien ek die mense daar ontmoet daar in die omgewing wat ek alreeds genoem het en ek dink toe nee, die mense moes van daardie rigting af gekom het om ons optog daar te ontmoet.

Stem jy saam dit is net so moontlik dat daardie mense uit daardie steeg gekom het? -- Ek het hulle nie gesien uit die steeg kom nie. Al wat ek sê is, die mense het daar ontmoet. Ek het nie ʼn spesifieke plek wat ek kan noem as ʼn rigting waarvandaan hulle direk gekom het.

Maar jy kan ook nie stry dat hulle moontlik uit daardie steeg gekom het nie, want jy weet nie? -- Dit kan wees dat hulle uit die steeg gekom het of waar ook al, dit wil sê enige ander rigting. Al wat ek sê is, hulle het daar ontmoet.

En is dit reg toe daardie mense daar ontmoet, toe

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was daar by die voorpunt van hierdie opmars 'n hele deurmekaarspul. "Confusion."--Ek sal sê ja, dit was deurmekaar gewees, want dit het veroorsaak dat die optog se pas die spoed verminder.

Dit is 'n deurmekaar gemaal van mense daar by die voorpunt? -- Ek sal sê ja, dit was deurmekaar, maar nie soveel nie, want dit het nie lank geneem nie, toe was dit weer normaal. Ons kon toe verder beweeg.

Want jy sien, beskuldigde nr. 8 se getuienis was tot die effek dat daar was so 'n "confusion", deurmekaar spul daar voor dat hy nie eers behoorlik kon sien wat daar aangaan nie. Stem jy daarmee saam? U Edele, ek verwys na volume 171 bladsy 8 830. -- Ek weet nie hoeveel deurmekaar dit was nie. Dit is hoe hy dit gesien het.

Maar ek vra vir u, stem u saam, dit was so deurmekaar dat 'n mens kon nie behoorlik sien wat gaan alles daar aan nie? -- Ek is nie in staat om presies te beskryf wat se soort deurmekaarspul daar was nie. Dit was aan ons bekend gemaak deur die "marshalls" dat daar iets is wat reggemaak moet word daar voor en dit was nie lank nie. Die optog het toe verder beweeg.

Ek vra nie wat die "marshalls" vir jou gesê het nie. Ek het jou eie waarneming gevra, want jy het vir die hof gesê jy het gesien wat daar voor gebeur het en jy kon goed sien? -- Ek het gesê vanwaar ek was kon ek sien dat daar 'n klomp mense was wat aankom wat dan by ons optog aangesluit het.

Die mense wat aangekom het wat jy nou gesien het en waargeneem het, het hulle gedraf, gehardloop, wat het hulle gedoen soos hulle aangekom het? -- Hulle het nie gehardloop nie.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Waar was u met die ry van die optog? Aan die kant, in die middel en aan watter kant van die optog? -- Ek was aan die linkerkant.

Heel aan die kant of 'n paar van die kant af weg? -- Ek was heeltemal aan die kant gewees. Verder was daar niemand gewees aan my linkerkant nie. Ek was op die einde van die teervlak. Die mense daar anderkant my, dan verder aan my linkerkant, sou gewees het die "marshalls".

MNR. JACOBS : Toe die mense nou aangekom het na julle mars toe, net voor hulle ontmoet het, het hulle vinnig geloop? -- Volgens my waarneming het hulle nie vinnig geloop nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry oor die prentjie. U het opgelet toe die optog alreeds besig is om stadig te beweeg? -- Ja, dit was as gevolg daarvan dat die optog stadig beweeg het, dat ek opgekyk het om te sien wat gebeur daar voor.

Die optog sou net stadiger beweeg het as daar iets was wat hom voor geblokkeer het? -- Ja, dit is die mense wat by die optog aangesluit het en dit blokkeer het van voor.

Met ander woorde, as ek die prentjie reg lees, toe u opkyk was die mense al daar en besig om aan te sluit? -- Toe ek opkyk na die optog begin stadig beweeg, het ek gesien dat daar mense was wat van voor af by ons optog kom.

Het u hulle gesien aankom na die optog of het u gesien dat hulle voor by die optog is en besig is om aan te sluit? -- Toe ek opgekyk het, het ek opgemerk dat daar van die mense is wat nog aankom en die optog het alreeds stadig begin beweeg, na aanleiding waarvan die "marshalls" vir ons gesê het ons moenie bekommerd wees nie, hulle maak nog iets reg daar voor.

MNR. JACOBS : Die mense wat jy nou daar opgelet het wat

aangesluit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aangesluit het by julle optog, het hulle iets by hulle gehad? -- Ja, volgens my waarneming het hulle ook dokumente of iets gedra soortgelyk aan die plakkate wat gedra was deur ons mense.

In die deurmekaarspul wat daar ontstaan het, kan jy vir die hof sê waar het hierdie optog aangesluit - het die mense aangesluit by julle optog? Het hulle 'n nuwe voorhoede gevorm of hoe het hulle aangesluit? -- Wat ek gesien het gebeur daar is dat toe hierdie mense daar gekom het by die voorpunt van ons optog, het hulle ons optog se voorpunt infiltreer. Dus het die plakkaatdraers van daardie mense by ons plakkaatdraers aangesluit en die res het toe by die optog aangesluit agter die plakkaatdraers.

Ek wil dit aan u stel dat met daardie deurmekaarspul toe daardie groep mense daar voor gekom het, het hulle uit daardie steeg uit gekom na julle toe en daar het daarna van die voorpunt ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : There is not state evidence that the people with the placards came out of the lane

MNR. JACOBS : Daar was getuienis dat mense wat daar by die voorpunt van die optog aangesluit het, het uit die laan gekom toe hulle die stellings gemaak het teenoor Esau Raditsela.

HOF : Ja, maar u is nou besig met mense wat plakkate gehad het. Ek kan nie onthou dat daar mense is wat plakkate gehad het wat uit die laan gekom het nie.

MNR. JACOBS : Van die mense wat daar voor aangesluit het.

HOF : Wel, dan moet u dit so stel.

MNR. JACOBS : Ek sal sê van die mense wat u voor ontmoet het, die optog se voorpunt het uit daardie laan gekom en

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar het 'n deurmekaarspul ontstaan en daarna is dit deel van julle optog in daardie laan in op? -- Nee, dit is nou mense wat ek nie gesien het nie.

En ek wil dit ook aan u stel dat 'n rukkie nadat die mense daar opgegaan het in die laan het daar digte rookkolomme daar ontstaan van 'n huis wat daar aan die brand gesteek is en ook motorvoertuie wat daar aan die brand gesteek is? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Kan jy enige rede gee, want ek dink hier was 'n hele aantal getuies wat gesê het dat daar het rookkolomme daar opgegaan en wat hulle gesien het terwyl die optog beweeg het na die interseksie toe en verby die interseksie gegaan het, hoekom jy dit nie gesien het nie en dit moes aan jou kant ook gewees het, aan die linkerkant van die optog? -- Nee, ek het dit nie gesien nie. Ek het die normale rook gesien waaraan ons gewoond is as daar vullis gebrand word. Verder was daar geen ander rook wat ek gesien het nie.

<u>HOF</u> : Het u daardie normale rook net daar gesien waar die laan is of het u die normale rook ook orals rond in die dorpsgebied gesien? -- Orals in die woonbuurt.

<u>HOF VERDAAG.</u> <u>HOF HERVAT.</u>

<u>MATARAPANE PETRUS RADEBE</u>, nog onder eed

<u>VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS</u> : Daar by die voorpunt waar die mense aangesluit het, was die mense op die teeroppervlakte wat aangesluit het? -- Ja, dit was op die teeroppervlakte.

Het jy enige mense daar aan die linkerkant van die opmars soos jy was gesien wat af van die teer af maar op die sypaadjies gestaan het daar? -- Nee.

Is jy seker? Daar was geen mense op die sypaadjies

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie? -- By hierdie gedeelte waar ek was in die optog, was daar geen mense op die sypaadjie gewees nie.

Ek het vir jou gevra die voorpunt van die mars waar die mense aangesluit het. Luister na die vraag sodat ons kan aangaan? -- Ek het geen mense gesien aan die kant van die pad op die sypaadjie nie.

Kon jy die steeg sien waar dit uitgekom het uit gebied 11 na die interseksie toe? -- Ja, daar kan jy sien dat dit ŉ steeg is as jy daar is.

Het jy enige mense in die steeg gesien toe jy gekyk het na die voorpunt toe waar die mense aansluit? -- Nee, ek het net mense gesien in daardie omgewing. Ek kon nie sien of daar enige mense was in die steeg self nie.

As ons getuienis het dat mense het op die linkerkant daar by die voorpunt daar naby die interseksie op die linkersypaadjie gestaan, is dit nie korrek nie? -- Ek verstaan nie. Watter sypaadjie praat u van?

Aan die linkerkant langs die teerpad? -- Die pad maak ŉ swenk na regs by daardie punt. Ek kon nie die steeg sien en of daar mense in die steeg was nie en tweedens ons was eintlik agter die busstop wat die uitsig versper het vir ŉ mens vanwaar ek was om in die steeg te kan sien. Ek het ook nie mense op die sypaadjie gesien nie.

Was jou uitsig ook belemmer op die sypaadjie deur die busstop? -- Ja, ek kon nie die sypaadjie sien nie. My uitsig was deur die busstop belemmer.

<u>HOF</u> : Kan u net vir my vertel hoe lyk daardie bushalte? Is dit ŉ afdak? -- Ja, dit is omtrent vier afdakke daar.

Het hy sykante wat toe is? -- Ja, aan die kante kry jy die kaartjie-kiosks.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Toe u nou verby die busstop is en soos u self die interseksie daar genader het, het u enige mense op die linkerkantste sypaadjie aan die kant waar jy was gesien wat daar gestaan het? -- Nee.

En toe u nou daar verby die steeg gegaan het, het u mense in die steeg gesien? -- Nee, ek het niemand in die steeg opgemerk nie. Ek het eintlik nie spesifiek opgelet of daar mense was in daardie steeg nie. My aandag was gevestig op die optog wat ek gevolg het.

Maar jy het tog voor jou gekyk, is dit nie, dan moes jy tog outomaties in die steeg ook gesien het? -- Indien ek in die rigting van die steeg gekyk het, sou ek gesien het wat daar gebeur het, maar ons het daar in die optog op ŉ stadium gesels. So my aandag was op ŉ stadium gevestig op dit waarvan ek gepraat het met die persone naby my. Dus is dit moontlik dat ek nie eers aandag gegee het aan die steeg self nie.

Is dit toe julle gesels het toe julle verby die steeg gegaan het, daardie deel, die interseksie? -- Van daardie punt af wat die optog weer begin loop het, het ons begin gesels.

Julle het nie gesing nie? -- Daar was mense wat gesing het by sekere gedeeltes van die optog, maar by die punt waar ek was, na ons daar weggeloop het van waar ons gestaan het, het ons toe begin gesels.

Nadat julle by die interseksie verby is, toe julle opgaan na die pad na die poskantoor toe, het daar mense aangesluit vanuit gebied 11 by hierdie optog? -- Ja, daar is mense wat aangesluit het by hierdie optog, want terwyl ons so geloop het, het ek opgemerk dat die optog self vergroot.

So/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

So, daar moes redelik baie mense dan uit gebied 11 gekom het na die interseksie om aan te sluit by die optog? -- Nee, ek sê nie so nie. Terwyl ons opgestap het in die optog in die rigting van die poskantoor, was daar wel mense gewees wat aangesluit het by die optog, twee of drie persone by ŉ sekere punt. Dit kon ons gesien het. Dit is hoekom ek sê dat die getal mense dan meer geword het op hierdie optog.

En is dit nie so dat toe hierdie mense by die interseksie wat jy nou sê die deurmekaarspul daar was, het die optog nie daar tot stilstand gekom sodat dit gereël kan word, die wanorde wat daar voor is opgelos kan word nie? -- Dit is wat ek sê.

Sê jy hy het tot stilstand gekom, dat die wanorde opgelos kan word? -- Die optog het vir ŉ kort rukkie tot stilstand gekom, toe die "marshalls" vir ons gesê het dat iets nog reggestel word daar voor, ons moet nie bekommerd wees nie.

Toe julle die polisie ontmoet het daar by Hunters Garage, het die optog daar tot stilstand gekom? -- Nee, die optog het baie stadig beweeg by daardie punt.

Ons het ŉ getuie gehad met die naam van Mokate wat hier getuig het en hy sê die volgende. Hy sê "Ek sê die optog in ŉ stilstaande posisie was net voor die gebruik van die vuurwapens wat dan veroorsaak het dat die optog uiteen gegaan het."

HOF : Is dit u saak? Ek het verstaan dat u saak is dat die mense aanhou beweeg het en toe het die polisie losgebrand? Is dit nou u saak dat die optog stil gestaan het?

MNR. JACOBS : Ek sal aan die hof moet argumenteer watter van die getuies om te aanvaar en dit is ŉ getuie wat vir die verdediging getuig het. Ek wil nou net sy weergawe ...

(Hof/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

(Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Maar ander getuies van die verdediging het ook gesê dat die optog aanhou beweeg het?

<u>MNR. JACOBS</u> : Ja.

<u>HOF</u> : Nou waarmee is u besig? ŉ Mens kruisverhoor in ŉ sekere rigting. ŉ Mens kruisverhoor nie net losweg in die bondel nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek gaan die hof vra - ek gaan kommentaar lewer oor die getuienis van die verdediging. Dan sal ek aan die hof sekerlik moet stel ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : U kan kommentaar lewer oor die getuienis van die verdediging en sê mnr. Mokate sê die ding het stil gestaan en mnr. Radebe sê die ding het beweeg, maar waarom nou stel aan mnr. Radebe wat mnr. Mokate gesê het as u nie saamstem met mnr. Mokate nie. As u saamstem, stel dit gerus, dan bind ek u daaraan aan die einde van die saak. Moenie hier dinge kom stel wat u nie mee saamstem nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek sal dit daar los. Mnr. Radebe, ek wil net een stelling nog aan u maak en ek wil sê dat u is nie heeltemal openlik met die hof nie. U het hierdie betrokke dag spesifiek na daardie kerk toe gegaan om aan die optog deel te neem. U het al die tyd geweet wat - en u het ook geweet dat hierdie optog, die hele doelstelling daarvan was gemik teen die raadslede en raadseiendom? -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS</u> : Geen vrae.

<u>GEEN VERDERE VRAE.</u>

/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

PAUL MAHAMBAYETWA NHLAPO: d.s.s. (Through Interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS: Mr Nhlapo are you 67 years of age? -- Yes.

And do you reside at S328 in Sharpeville? -- Yes.

Since 1976 have you been a pensioner? -- Yes.

And before you became partly disabled were you a coal merchant? -- Yes.

And do you live there with your wife and some of your children and grandchildren? -- Yes.

Now Mr Nhlapo have you taken an active part in your community's life before your disability? -- Yes.

Let us just put some of the things on record. Firstly were you an active member of Inkatha? -- Yes.

And were you a member of the UBC for the Zulu people for that area for approximately six years?

COURT: Of the what? Urban Bantu Council?

MR BIZOS: Urban Bantu Council, apparently a nominated representative for the Zulu people. -- Yes.

COURT: For what period? -- For a period of six years.

MR BIZOS: You remember from when to when Mr Nhlapo? -- What I remember is the last time, that is when my office time expired. This was during the year 1976. One can count from there back to make the six years.

And were you the chairman of the Vukuzhake school board?

COURT: Just spell it?

Wie het vir u gesê van hierdie vergadering? -- Ek het van die mense gehoor wat by my aangedoen het en vir my kom sê het dat daar 'n vergadering is by die kerk wat hulle gaan bywoon.

Het hulle vir u gesê wat se vergadering dit is wat hulle gaan bywoon? -- Nee, die mense was nie seker waaroor hierdie vergadering sou gewees het nie, maar volgens my die persoon was nie goed ingelig van wat daar bespreek gaan word nie, want hy het gehuiwer of dit 'n vergadering was wat die huurgelde gaan bespreek, die verhoging daarvan of iets anders, maar nogtans het die persoon gesê dit is die vergadering wat daar gehou gaan word.

Om watter rede het u gegaan? -- Nie lank nie het Victor toe daar opgedaag. U moet nie vergeet nie, Victor bly nie saam met my by die huis nie. Hy het by my huis opgedaag.

En? -- Hy praat ook toe van 'n vergadering, dieselfde vergadering dat daar 'n vergadering is en as ek reg onthou het hy so 'n papiertjie by hom gehad wat die uitnodiging bevat het na hierdie vergaderig toe, waarop ek toe aan

hom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hom gesê het "Kyk, ek het alreeds gehoor van daardie vergadering. Ek is besig om my self reg te kry dat ons na die vergadering toe gaan."

En toe u by die vergadering aankom saam met Victor, was die vergadering al aan die gang? -- Met ons aankoms daar was dit net met die opening van hierdie vergadering. Dit wil sê hulle was besig om die eerste lied te sing. Toe het ons opgedaag.

Op hierdie vergadering van 12 Augustus het hy enige voorsitter gehad? -- Ek is nie daar duidelik nie. Ek sal u sê, daar was twee persone daar gewees. Dit was die eerwaarde en nog ŉ ander persoon, maar dit was nie aan ons bekend gemaak wie die voorsitter is van die vergadering nie. Hulle het mekaar gehelp.

Het u geweet wie is hierdie ander persoon? -- Nee, dit was ŉ onbekende persoon aan my.

Weet u of daar enige notule gehou is in die vergadering? -- Nee, ek het nie opgelet nie. Ek het niemand gesien skryf nie.

Was Nozipho Myeza op hierdie vergadering? -- Ja, sy definitief daar.

Waar was sy by hierdie vergadering? Waar het sy gesit? -- Tussen die gehoor het sy gesit.

Het u op hierdie vergadering enige banier gesien? Weet u wat is ŉ banier? Laat ons dit net vasstel? -- Wat? ŉ Banier? Wat is dit?

ŉ Banier is ŉ lap waarop geskryf is wat gewoonlik teen iets vasgesit word of dit word gedra aan stokke? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie. Ek het dit glad nie opgelet nie.

U het in u hoofgetuienis gepraat van toe u by die

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering aankom was "Moselane and some strangers" daar. Eerstens, waar was hierdie vreemdelinge? -- Praat ons nou van die vergadering van die 19de? Dit is waar ek gepraat het van vreemdelinge?

Nee, ek is besig met die vergadering van 12 Augustus. Ek sal vir u sê wanneer ons na die vergadering van die 19de toe gaan? -- Ek het gesê met my aankoms daar vind ek dat van die persone teenwoordig, die enigste persoon aan my bekend is eerwaarde Moselane van die mense wat saam met hom daar is.

Die persoon wat vir eerwaarde Moselane sou gehelp het gedurende die vergadering, het die man self 'n toespraak gemaak? -- Nee, ek kan glad nie onthou nie.

Op hierdie vergadering van 12 Augustus 1984 het enige vrouens toesprake gemaak? -- Ja, ek onthou van Nozipho.

Is sy die enigste een, die enigste vrou? -- Ek onthou net vir haar.

Kan u onthou dat daar op die vergadering gesê is dat selfs raadslede moet die verhoogde huur betaal? -- Wie het dit gesê?

Ek vra vir u, kan u onthou dat dit gesê is op die vergadering? -- Wat is dit? Herhaal 'n bietjie vir my?

Is daar gesê op hierdie vergadering dat die raadslede moet self die verhoogde huur betaal? -- Dit is die vergadering van die 12de?

Korrek? -- Nee.

Nee wat? Is dit nie gesê nie of kan u nie onthou nie? -- Dat ek dit nie gehoor het nie.

Het u gehoor op die vergadering is gesê dat daar sal met die werkgewers gepraat word om mense se lone te verhoog wat nie die huur kan betaal nie? -- Nee, ek onthou nie dat

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit gesê is nie.

Kan u onthou of gesê is dat hierdie verhoogde huur gaan aangewend word om meer en beter huise te voorsien in Sharpeville? -- Wat sê u? Wie het dit alles gesê?

Nee, ek vra vir u, is dit gesê of kan u nie onthou nie. As u dit nie kan onthou nie, sê u kan dit nie onthou nie. -- Praat u van hierdie vergadering van die 12de of verstaan ek dit nie reg nie?

Nog steeds die 12de? -- Nee, niemand het dit gesê nie.

Is daar enige resolusies aanvaar op hierdie vergadering van 12 Augustus? -- Ja, twee.

Watter twee? -- Dat ons nie die nuwe huur moet betaal nie en dat ons die raadslede versoek om te bedank.

Waarom wou julle gehad het die raadslede moet bedank? Was julle kwaad vir hulle? -- Nee, dit is omdat ons besef het dat hulle nie daarin geslaag het om met ons saam te werk nie.

En is dit op die vergadering bespreek wat sal nou gebeur as die raadslede bedank, wat kom in hulle plek? -- Ons het dit nie bespreek nie, maar wat in my gedagte aangegaan het was dat ons ŉ "by election" sal moet maak om ander mense te kan kies.

En het julle bespreek wat gaan nou gebeur as die raadslede nie wil bedank nie? -- Nee, ons het dit nie bespreek nie.

Wat het u gedink hoe gaan die ding nou verder loop as die raadslede omdraai en sê hulle gaan nie bedank nie? -- In my gedagte, wat in my gedagte aangegaan het was dat hulle moet bedank as ons sê dat hulle moet bedank, want ons was die mense wat hulle op die raad gekies het omdat ons hulle

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar wou gehad het. Nou wil ons hulle nie meer daar hê nie, nou moet hulle maar bedank.

HOF : Maar u het mos nou nie vir mev. Phosisi gestem nie? -- Ja, heeltemal reg, maar kyk, hierdie klagte oor die huur was nie net beperk op my as 'n persoon Nhlapo nie. Dit was vir die hele gemeenskap van daardie gebied in Sharpeville. So, om daardie rede sê ek dat hulle moes bedank het, want hulle was deur ons gekies.

MNR. FICK : Het jy op hierdie bespreek maar wat gaan gebeur as die mense gaan uitgesit word omdat hulle nie die verhoogde huur wil betaal nie? -- Nee, ons het nie tot sover gekom om te bespreek wat gedoen sal word nie.

Maar is dit nie ooglopende vrae wat u moes beantwoord het op hierdie vergadering waar julle nou resolusies geneem het oor die verhoogde huur wat nie betaal word nie en die raadslede moet bedank? Is dit nie ooglopende goed wat u moes bespreek het, die gevolge van dit wat u bespreek het nie? -- Ek word nou gevra van hierdie vergadering of dit die heel eerste vergadering van ons was. Ons het nog nie al die nodige ondersoeke gedoen om uit te vind watter ander maniere nog gebruik kan word nie.

Ek wil met u gaan na die vergadering van 19 Augustus 1984. Tot voor hierdie vergadering van 19 Augustus 1984, dit was van die begin af u doel om 'n oplossing te vind oor die pensioenarisse en die mense wat nie die huur kan betaal nie op hierdie vergaderings. Is dit reg? -- Ja.

Het u 'n oplossing gevind vir hierdie probleem voor 19 Augustus? -- Nee, ons het nêrens gaan vergader nie, behalwe hierdie een van die 19de.

Was daar tot voor 19 Augustus 1984 enige voorstelle

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van hoe julle hierdie probleem gaan oplos? -- Ja, maar ons het gewag dat ons weer op die 19de gaan vergader, waarvandaan ons weer gaan begin om te hoor wat se verdere oplossings ŉ mens kan kry.

Maar dit is eers besluit aan die einde van die vergadering van die 12de dat daar ŉ vergadering gaan wees op 19 Augustus. Ek praat nou van op daardie vergadering van 12 Augustus, hoekom was daar geen voorstelle in dié verband nie? -- Bedoel u op die 12de?

Ja? -- Nee, maar die oplossing daar was dat ons ŉ resolusie aanvaar het dat ons nie die nuwe huur betaal nie.

Maar dit was mos nie ŉ oplossing gewees nie. Dit was net meer probleme wat u geskep het? -- Nee, ons het dit nie gesien as die skep van ŉ probleem bo ŉ ander een nie. Ons was onder die indruk gewees dat ons nou besig was om ŉ oplossing te vind vir ŉ probleem wat bestaan, naamlik die verhoging van die huur, dat dit opgelos is vir die mense in daardie sin.

Maar sal dit ŉ oplossing wees as die arme pensioenarisse wat u van praat uitgesit word omdat hulle nie die huur betaal nie? -- Nee, dit is nie ŉ skepping van nuwe probleme nie. Dit is eintlik vermindering van probleme wat bestaan, want kyk, die pensioenarisse word uit die huise gesit omdat hulle nie geld het om te betaal nie. Dit is voor die verhoging. Hier word nou ŉ verhoging weer bygereken op dit wat hulle reeds nie in staat is om te betaal nie. Dit beteken dus dat hulle nou in groot getalle uit die huise gesit gaan word.

<u>HOF</u> : Ja, maar dit is nou juis die vraag. Wat van uself? As u nie die verhoging betaal nie, sal u uitgesit word. Wat het u gedink sal u doen? -- Ek het geen ander magte nie.

As/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

As ek uitgesit word moet ek net daar buite sit.

Dan sit almal in die dorpsgebied op straat naderhand? -- Ja, dit sal so wees.

MNR. FICK : Is dit die oplossing wat u wou gehad het? -- Omdat daar geen ander alternatief was nie, want as ons nou aanvaar dat daar 'n verhoging moet wees van R5,90 bo dit wat ons alreeds as 'n probleem gesien het, dan skep ons 'n groot probleem vir die mense. Ons het dus probeer om die groter probleem te verhoed deur nie die R5,90 te aanvaar nie.

Die vergadering van 19 Augustus 1984, was daar 'n voorsitter? -- Ek het dieselfde persone gesien wat by die vergadering van die 12de teenwoordig was.

Was dit weer twee persone wat u aangeneem het die voorsitters was? -- Ja, die mense wat mekaar gehelp het en opgetree het as voorsitter.

Toe u by die kerk aankom, wie was daar voor as voorsitter op die verhoog? -- Dit is die mense wat ek nou net gesê het wat mekaar gehelp het.

Net die twee? -- Ek onthou van hierdie twee behalwe natuurlik dat Majakathata ook geroep was.

HOF: Was hy van die begin af daar of was hy later geroep? -- Later.

MNR. FICK : Waar was hy toe hy geroep is? Tussen die gehoor? -- Ja, hy was daar tussen die gehoor. Ek dink hy was tussen die gehoor gewees, want sy naam is geroep. Ek het toe net opgemerk dat hy besig was om te stap na die verhoog toe. Presies waarvandaan hy gekom het, kan ek nie sê nie.

En Nozipho Myeza, het jy haar die dag gesien 19

Augustus/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Augustus 1984 by die vergadering? -- Ja, ek het haar gesien.

Was sy ook tussen die gehoor of waar was sy? -- Ek het haar gesien waar sy besig was om te help met die aanwys van sitplekke aan mense wat die saal binne gekom het.

Was dit nou net voor die vergadering begin het? -- Dit is wat ek onthou. Eintlik toe ons daar gekom het, was daar ŉ singery aan die gang en die mense was nog besig om in te kom net voor die opening self.

Het Nozipho vir u ook plek aangewys? -- Ek kan nie sê dat sy wel vir my ŉ plek gewys het waar ek moes dit nie, maar toe ek daar ingekom het, was daar nog plek gewees. Sy het wel aangedui in my teenwoordigheid waar ander mense moet sit, maar nie dat sy spesifiek vir my ŉ plek uitgewys het nie.

Het sy in die gehoor rondbeweeg om plekke aan te wys terwyl die vergadering alreeds begin het ook? -- Ja.

Het jy gesien toe sy uiteindelik gaan sit of het sy die heeltyd plekke aangewys terwyl die vergadering aan die gang was? -- Ek het toe nie opgelet waar sy ŉ sitplek ingeneem het tussen die mense nie.

U het vir die hof gesê daar was ŉ tolk by hierdie vergadering gewees wat vir die man Manthata getolk het. Was dit die enigste persoon wat gepraat het wie se toespraak getolk is? -- Nee, nie net hy nie. Die man wat Xhosa gebesig het se toespraak was ook in Sotho getolk.

By hierdie vergadering van 19 Augustus 1984, was daar enige baniere wat jy in die kerk gesien het? -- Ek het nie opgelet nie. Al was daar een, het ek nie juis daarna opgelet nie.

Het u die preekstoel gesien in die kerk? -- Ja, ek

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het dit gesien, want hy het by dit gestaan.

HOF : Wie het by dit gestaan? -- Die predikant.

MNR. FICK : Net een vraag nog oor Nozipho voorlopig. Was sy die enigste een wat plekke aangewys het of was sy gehelp deur ŉ man? -- Ek kan nie spesifiek onthou wie hulle was nie.

Die sprekers wat gepraat het op hierdie vergadering, het almal van die verhoog af gepraat? -- Daar is ŉ snaakse van wat ek probeer onthou, maar dit was nie net hy alleen wat daar gepraat het nie. Manthata het ook daar gaan staan en praat en hierdie persoon wie se van ek altyd vergeet. Ek sal nou onthou wat sy van is. Die van is hierso, ek vergeet net.

Hlomoka? -- Ja.

Is dit die enigste twee persone wat van die verhoog af gepraat het behalwe beskuldigde nr. 3 wat daar by die preekstoel was? -- Ja, hulle was daar op die verhoog gewees.

Miskien het u nie reg verstaan nie. Was dit die enigste drie wat van die verhoog af gepraat het? -- Dit is hoe ek onthou.

Die persoon Hlomoka wat u van praat, van waar het hy gekom om te praat? -- Van tussen die gehoor.

Die resolusies van die vergadering van 12 Augustus 1984 is dit op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984 uitgelees? Weet u? -- Dit was nie gelees gewees nie. Dit was net genoem in ŉ toespraak dat daar resolusies geneem was by die vorige vergadering van verlede week dat die verhoogde huur nie betaal gaan word nie, maar die ou huur sonder die verhoging moet betaal word. Die tweede resolusie was dat daar ŉ versoek gerig word dat raadslede bedank.

Wanneer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wanneer op die vergadering is hierdie resolusies genoem? Soos u sê? -- Is dit by die vergadering van die 19de?

Ons is nou by die vergadering van die 19de en ons daar bly tot ek sê ons gaan weg. -- Met die opmerkings by die opening van hierdie vergadering was dit genoem. Dit is wanneer daar genoem is dat ons weer hier kom vergader het oor wat ons op die 12de bespreek het. Dit geld nog hier by hierdie vergadering.

Wie het dit gedoen? Is dit nou beskuldigde nr. 3 or iemand anders? -- Wie is beskuldigde nr. 3?

Moselane, die predikant? -- Ja, hy is die persoon wat daar bekend gemaak het dat ons weer daar vergader oor dieselfde aangeleenthede.

U sê vir die hof u het die manier om partykeer goed te vergeet wat nie vir u belangrik is nie. Op hierdie vergadering van 19 Augustus, was alles wat oor die huurkwessie gesê was vir u belangrik? -- Ja, ons het daaroor ooreengekom.

En die kwessie van die boikot van die raadslede, was vir u ook belangrik, wat daaroor gesê is? -- Ja, ons het dit so aanvaar.

U het in u getuienis-in-hoof gesê daar was 'n lang bespreking "After a long discussion by the people the resolution was accepted that we do not buy from shops and garages." Wie het aan hierdie lang bespreking deelgeneem oor hierdie boikot dat ons gaan nie by die winkels en garages koop nie? Nou is die vraag, wie is die sprekers wat aan hierdie lang bespreking deelgeneem het voor die resolusie aanvaar is? -- Nee, nee, ek sal mos nie presies weet wie almal daar gepraat het nie. Byvoorbeeld, daar is baie mense wat gepraat het wat aan my onbekend was. Al wat ek kan sê daaromtrent

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is dat sekere mense gepraat het en na die mense gepraat het, is hierdie resolusie aanvaar.

Maar dit was heelwat mense en dit was ŉ lang bespreking? -- Ja, ter ondersteuning van die voorstel.

Het beskuldigde nr. 16 wat u mnr. Manthata noem ook die voorstel ondersteun? -- Hy het dit nie betwis nie. Ek het dus aanvaar dat hy ook saamstem.

Het beskuldigde nr. 3, die predikant, mnr. Moselane daaroor gepraat en dit ondersteun? -- Iets gesê waaroor?

Die voorstel ondersteun dat die besighede geboikot moet word? -- Nee, hy het niks daaromtrent gesê nie. Dit was aanvaar gewees na hierdie persoon ŉ voorstel gemaak het. sonder dat hy, eerwaarde Moselane, ŉ woord daaromtrent gesê het.

Kan u onthou of iemand op hierdie vergadering gesê het "Kyk, ons moet verenig want as ons saamstaan en ons is verenig, dan sal hierdie boikot van die raadslede se besighede slaag"? -- Ja, iemand het so gesê.

Weet u wie dit was? -- Nee, ek weet nie wie die persoon is nie. Ek onthou van ŉ persoon wat dit gesê het, ja.

Hierdie vergadering van 19 Augustus 1984, hoe sal u hom beskryf? Was dit ŉ rustige stil vergadering, was dit ŉ lawaaierige vergadering, was die mense moeilik? -- Volgens my was dit ŉ rustige vergadering gewees.

Was die mense baie emosioneel in die vergadering? -- Ja, die meerderheid van die mense was ou mense gewees en hulle was emosioneel.

Sal u die mense beskryf as kwaad op die vergadering? Het die mense gewys hulle is kwaad op die vergadering? -- Nee, hulle het net gewys dat hulle nie tevrede is met

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie huurstorie nie.

Is dit wat u bedoel met emosioneel ook? Die mense het gewys hulle is nie tevrede met die huurverhoging nie? -- Ek sê hulle was ontevrede oor die verhoging van huur.

Is dit hoekom u sê hulle was emosioneel? -- Nee, ŉ mens wat ek as emosioneel kan beskryf, is ŉ persoon wat kwaad is, wat wil baklei.

Is dit hoekom u sê die vergadering - die mense op die vergadering was emosioneel? -- Ja.

Ja, maar aan die een kant sê u vir die hof die mense was emosioneel. Aan die ander kant beskryf u emosioneel as mense wat kwaad is wat wil baklei. Nou vra ek vir u, is dit hoe die mense op die vergadering was? Wou hulle baklei? -- Die mense was bekommerd gewees.

Wou hulle baklei? -- Nee.

Die sprekers op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984 het hulle slagspreuke geskreeu "Amandla Ngawethu" of dié tipe ding? -- Nie in die vergadering nie. Buitekant na ons uiteen gegaan het het die mense dit gedoen, maar daar is niks snaaks daaromtrent nie, want daardie ding van "Amandla Ngawethu" met ŉ vuis wat hoog gesteek word, word ook by Inkatha gedoen. Ons doen dit by Inkatha.

So, u sê dit is nie in die kerk gedoen nie? -- Ek het dit nie gesien nie.

K1091 Is daar behalwe Nkosi Sikilele e Afrika en die eerste lied wat met die opening gesing is, ander liedere gesing terwyl die vergadering aan die gang was? -- Nee, daar was nie.

Sal u sê daar was ŉ striemende aanval op raadslede gedoen op hierdie vergadering oor die verhoging van huur?

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Wat se aanval?

ŉ Striemende aanval? ŉ Baie sterk bewoorde aanval?

HOF : Mondeling, nè?

MNR. FICK : Mondeling? -- Nee, ek onthou nie daarvan nie, behalwe die woorde wat gebesig was dat die mense nie daarin geslaag het om ons tevrede te stel nie.

Is die raadslede op hierdie vergadering uitgekryt as "puppets"? -- Op ŉ stadium was daar ŉ groot geraas gewees in daardie saal. Met die gevolg is ŉ mens sou nie gehoor het wat die mense heel agter sê nie, maar by die punt waar ek was in daardie nabyheid , het ek dit nie gehoor nie.

Wat het die groot geraas veroorsaak? -- Dit was na aanleiding van die woorde wat gebesig was deur die raadslede. Sekobane, Kolisang en Dlamini. Na aanleiding daarvan het die mense toe begin lawaai maak.

Is dit die vergadering van 19 Augustus waarvan u nou praat? -- Nee, nee, dan het ek nie verstaan nie. Volgens u vraag het ek verstaan dat u nou teruggegaan het na die eerste vergadering?

Hoekom het u so verstaan? -- Onmiddellik toe ek begin praat het dat iets sleg gesê was teen die raadslede, het ek toe daardie indruk gekry.

Op die vergadering van 19 Augustus 1984, ek gaan nie terug nie, 19 Augustus 1984, is die raadslede uitgekryt as ŉ klomp "puppets"? -- Nee, nie op die 19de nie. Daar was geen sulke praatjies nie.

Het iemand op hierdie vergadering gesê maar ons word beroof van ons regte? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Beteken dit dit is moontlik maar jy het dit nie gehoor nie of is dit nie gesê nie? -- Ja, dat ek nie gehoor het nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Dalk het ŉ persoon dit heel agter gesê , maar ek het dit nie gehoor nie.

Ek praat van as een van die sprekers dit gesê het, sou u dit gehoor het? -- Sprekers voor my?

Op die vergadering? -- Nee, ek onthou niks daarvan nie.

U sou dit onthou het? -- As wat gebeur het?

As ŉ spreker gesê het hierdie raadslede is ŉ klomp "puppets"? -- Ek sou dit onthou het, want ek het daar gesit en aandagtig geluister na wat gesê word vanaf die verhoog.

En as hulle gesê het die raadslede is "sell-outs", sou jy dit ook gehoor het? -- Ek sou dit gehoor het.

Is dit gesê? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Behalwe beskuldigde nr. 16, mnr. Manthata, waarvan u praat, is daar enige ander voorgestel as ŉ spreker wat ook van ŉ ander plek buite Sharpeville kom? -- Ja, dit was gesê dat Hlomoka is van Sebokeng af. Hy is van die Vaal maar Sebokeng.

Is daar op hierdie vergadering gesê dat enige van die sprekers behalwe mnr. Manthata van sekere organisasies kom? Nee, dit was nie, ek onthou nie.

Is Manthata die enigste persoon wat van die Rand af, kom ons sê maar Soweto gekom het om te kom praat? -- Hy is die enigste een waarvan ek gehoor het dat hy van Soweto af kom.

Het daar enige persoon op hierdie vergadering opgestaan en gevra wat moet gedoen word met mense wat sou besluit om tog die verhoogde huur te gaan betaal? -- Nee.

U sou dit onthou het as dit gesê was? -- Ja, indien dit gesê was, sou ek dit onthou het. Ek dink ek sou dit onthou het.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar hoekom dink u nou so? Dit gaan oor die huurkwessie? -- Die vraag is of ek dit sou onthou het. My antwoord is Ja, ek dink ek sou dit onthou het.

U sien, ek stel dit aan u u geheue oor hierdie vergadering is baie, baie swak? -- Nee, ek is seker daarvan dat ek alles onthou van wat voor my gesê is van die verhoog af. Dit kan miskien wees dat iets gesê was heel agter daar ver van my af wat my ontgaan het.

Weet u wat beteken AZANYU? -- Nee, ek weet nie wat beteken dit nie.

Was daar nie ŉ spreker van AZANYU op die vergadering nie? -- Nee, ek onthou dit nie.

Weet jy wat beteken AZAPO? -- Ek weet nie wat dit beteken nie, maar as ek reg is, is AZAPO ŉ naam van ŉ sekere organisasie.

Was daar nie ŉ spreker van AZAPO op hierdie vergadering nie? -- Ek is nie meer seker nie of dit nou gesê was dat Hlomoka ŉ lid is van AZAPO. Ek is nie seker van my feite aar nie.

En was daar nie op hierdie vergadering ŉ spreker met die naam van Mandla van SOYCO nie? -- Nee, ek het niks daarvan gehoor nie.

Was daar enige spreker daar op die vergadering wat voorgestel is as afkomstig van UDF? -- Daar was nie so ŉ spreker gewees nie.

Was daar ŉ spreker wat voorgestel is afkomstig van die vakbonde? -- Nee, ek onthou dit nie.

Het jy enige verslaggewers op hierdie vergadering gesien van 19 Augustus 1984? -- Ja, ene Nkabinde het ek gesien, maar ek het hom op ŉ laat stadium gesien net toe ons

uitgaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

uitgaan om weg te kom van die vergaderplek af.

Was daar nog enige ander verslaggewers wat u gesien het? -- Nee.

Weet u of enige persoon op die vergadering van 'n nota af sy toespraak gehou het? -- Van 'n nota?

Ja? -- Nee, ek onthou nie van so 'n spreker nie.

Kan u onthou of u enige spreker gesien het met 'n papier in sy hand terwyl hy gepraat het? -- Nee, ek onthou nie, want as 'n mens praat stel ek eintlik nie meer belang om te sien wat die persoon in die hande het nie. Ek luister net na wat die persoon sê.

Het jy gesien 'n persoon wat daar 'n toespraak maak skeur 'n papier op en sê dit is so goed as om die ding aan die brand te steek? -- Nee, ek onthou nie dat so iets daar gebeur het nie.

Ek wil net 'n paar goed oor die toesprake aan u stel en dan kan ons kyk of ons kan klaar kry. Het iemand daar gesê op hierdie vergadering van 19 Augustus "Maar kyk, as julle ontevrede is oor die raadslede kan julle vir julle ander kies"? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Het enigiemand daar op hierdie vergadering gesê "Kyk, die regering het hierdie huise gebou, julle kan self die huurverhogings betaal"? -- Laat ek eers praat voor daardie vraag oorgetolk word, asseblief. 'n Persoon wat gesê het dat ons die mag het om ander raadslede te kies, is Manthata. Hy het verder toe gesê hierdie raadslede wat bestaan bestaan omdat julle daartoe gestem het. Dit is wat ek nou onthou wat hy gesê het.

Het iemand gesê op die vergadering dat as julle ontevrede is met die raadslede kan julle vir julle ander kies?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ja, ek sê daar was so iets gewees.

Was daar op hierdie vergadering gesê dat die regering het hierdie huise gebou, hulle kan die huurverhoging betaal? -- Nee.

Het enigiemand op die vergadering gesê dat die swartmense moet verenig en as hulle verenig het moet hulle vra vir 'n vergadering met die raadslede? -- Ek onthou nie dat dit by hierdie vergadering van die 19de gesê was nie. Wat ek wel kan onthou is dat Nozipho by die vergadering van die 12de so 'n voorstel gemaak het.

Ek wil dit aan u stel dat Nozipho het by hierdie vergadering van 19 Augustus ook gepraat? -- Sy het nie gepraat nie.

Ek wil dit aan u stel dat Manthata, beskuldigde nr. 16, het ook oor die boikot gepraat van raadslede se besighede? -- Nee, daar is nie so iets nie.

Ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr. 2, Hlomoka, het daarna gekom met 'n mosie dat die raadslede geboikot moet word? -- Nee, Hlomoka het sommer net daar self met die voorstel gekom. Dit was nie na iemand anders iets gesê het daaromtrent nie.

Ek stel dit aan u dit is toe wat Nozipho Myeza gepraat het en gesê het maar as sy iemand kry wat by hierdie winkels koop en hierdie boikot nie nakom nie, dan sal sulke persone se huise gebrand word en hulle sal gedood word? -- Dit was nie daar gesê nie.

Ek stel dit aan u dat beskuldigde nr. 16 op hierdie vergadering gesê het dat raadslede gedood moet word en aan die brand gesteek moet word, met klippe gegooi moet word as hulle nie bedank nie? -- Wie is nr. 16 nou weer?

Manthata/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Manthata? -- Nee, hy het nie so iets gesê nie.

Hierdie vergadering van 19 Augustus wat nou verby is, het julle op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984 voorstelle gekry van hoe om die probleem van die arme pensioenarisse op te los? -- Die oplossing wat daar was, dat ons betaal nie die nuwe huurgeld nie, ons betaal die oue.

Die hele oplossing het daarop neergekom dat ons laat nie net die pensioenarisse uitgooi nie, ons laat sommer almal uitgooi, ons betaal nie die huur nie? -- Wil u vir my sê dat dit nou die resolusie was?

Nee, dit is die effek van die resolusie, sê ek? -- Nee, nee, ek sê nie so nie.

Hoekom het u nie die vergadering van 26 Augustus bygewoon nie? -- Ek het al deelgeneem aan die besprekings van die twee vergaderings en tweedens, het Victor daar opgedaag, sou ek na die vergadering gegaan het, maar hy het toe nie daar gekom nie.

Was daar geen ander manier hoe u op die vergadering kon kom nie? -- Nee, daar was geen ander hulp nie. Daar was niemand beskikbaar om saam met my te gaan nie.

Is die rede nie hoekom u nie na die 26ste se vergadering gegaan het nie omdat u geskrik het oor wat bespreek was op die vergadering van 19 Augustus nie? -- Nee, daar was niks wat 'n mens kon skrik gemaak het daar nie.

3 September 1984, waar was u gewees? -- By die huis.

Het u enige kinders of kleinkinders wat nog op skool is? -- Ja.

Die betrokke dag van 3 September, het hulle skool toe gegaan? -- Nee, voor die skooltyd, voor die tyd gekom het dat hulle skool toe moet gaan, dit was al 'n groot

deurmekaarspul/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

deurmekaarspul daar gewees, daar was die reuk van traangas, dinge was nou nie meer goed daar nie.

HOF : Het u kinders of kleinkinders wat skool toe gaan? -- Kleinkinders.

MNR. FICK : Hoe laat moet die kinders skool toe gaan? -- Die skool begin mos om 08h00.

Hoe laat gaan hulle gewoonlik by u huis weg? -- Die skool is naby daar by my. Hulle loop van die huis af 07h50 of 07h40.

Wanneer was die traangas en deurmekaarspul? Hoe laat die oggend van 3 September 1984? -- Toe ek wakker geword het was daar alreeds ŉ groot geraas gewees daar buite. Dit was om en by 06h00.

Die geraas, was dit ŉ geskreeuery en wat se ander geraas nog? -- Dit was ŉ geraas gewees wat ŉ mens kan toeskryf aan ŉ deurmekaarspul daar iewers. Iets het gebeur en die mense is net besig om ŉ geraas te maak oor wat daar gebeur het.

HOF : ŉ Geskreeuery? -- Ja, dit was ŉ geskreeuery. Eintlik was dit die kinders se stemme wat in die meerderheid daar betrokke was.

Nie ŉ vrolike geskreeu nie? -- Nee, eintlik was die geskreeuery ŉ verbande tipe. Dit kon maklik veroorsaak het dat ŉ mens navraag kon gaan doen, wat gebeur dan, hoekom skreeu die mense so?

MNR. FICK : Het u gaan kyk hoekom skreeu die mense so? -- Ja, ek is net uit die deur uit en het daar gestaan. Die polisiebakkies het toe daar verby gery en daar was die reuk van traangas en die kinders was besig om in verskillende rigtings te hardloop.

HOF : Is daar naby u ŉ drankwinkel of ŉ administratiewe

kantoor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kantoor of ŉ huis van ŉ polisieman? -- Nee, ŉ drankwinkel is baie ver van my huis af.

Kon u gesien het wat eintlik aan die gang was waarom daar die geskreeu was en waarom die polisie opgetree het? -- Ek het by die kinders gevra wat dit was, hoekom dit so gebeur het, waarop hulle toe vir my gesê dit is ŉ wegbly-aksie, daar word nie werk toe gegaan nie.

MNR. FICK : Het u vir Victor die betrokke dag van 3 September gesien?-- Ja, hy het later by my opgedaag nog in die môre.

Ongeveer hoe laat? -- Tussen 08h00 en 09h00. Ek skat dit was omtrent so laat.

Was die deurmekaarspul toe nog aan die gang? -- Ja, toe het dit eintlik meer toegeneem.

Wat bedoel u daarby dit het eintlik meer toegeneem? Wat het gebeur? -- Daar was hoë kolomme op daardie tydstip by plekke wat ek nie kan sê wat aan die brand was nie.

Was dit vir u duidelik in elk geval dit was plekke wat brand? -- Ja, dat sekere dinge aan die brand was, soos voertuie byvoorbeeld.

Het jy skote gehoor na die tyd? -- O ja, baie.

HOF : Op daardie tyd? -- Ja, op daardie tyd.

MNR. FICK : Het jy gesien daar word klippe gegooi? -- Nee, daar waar ek bly is daar geen klippe nie. Ek het dit nie gesien nie en ek was nie dieper in die woonbuurt in nie.

Net laastens, was daar enige paaie wat u kon gesien het wat toegepak was met enigiets? -- Eers die volgende dag - wanneer was hierdie ding gewees? Was dit ŉ Maandag?

HOF : Hierdie was op ŉ Maandag? -- Nie die volgende dag nie, as dit die Maandag was. Dan was dit die Woensdag gewees wat ek ŉ bietjie rondgegaan het in die woonbuurt en opgemerk

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het dat daar by sekere plekke asblikke in die paaie was.

MNR. FICK : Is dit die eerste keer wat u ŉ bietjie rondgegaan het in die woonbuurt die Woensdag? -- Ja, om so rond te beweeg daar in die woonbuurt.

Ek dank, ek het geen verdere vrae nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.